Ps. 48:1,5
Ps. 105:3,5.
Gs. 31:1-3,5.

# Die Mantel van 'n Moeder

P | Biddag Sandskool
21 Aug. 1955.

1 Sam. 2: 1-20.

1 Sam 2: 19 – En sy moeder was gewoond om vir hom 'n
klein manteltjie te maak wat sy van jaar tot jaar
vir hom gebring het as sy met haar man opgaan
om die jaarlikse offer te bring"

In 'n eenvoudige huisie, netjies en skoon, ~~of~~ in 'n groot
dorp wat tussen die berge lê, het 'n vader en moeder gesit.
Aand na aand, as die dag se werk verby was, het
d. moeder haar handwerk opgeneem terwyl ~~hulle~~ albei
se gedagtes onwillekeurig uitgegaan het na hulle kind
op skool in Silo. Vlytig werk moeder se hande want-
want gaan hulle dan nie een van dié dae op na
die grootstad Silo om te aanbid en hulle kind te be-
soek nie? En dan moet hd. handewerk, hd. liefdes-
werk, hd. manteltjie klaar wees. Want al is sy
die een wat dit maak, sal dit sy en haar man
wees wat dit saam na hulle kind sal bring –
want saam gaan hulle op na Gods huis om hulle
kind te gaan sien. Vir hulle kind is dit 'n groot
oomblik – wanneer hy hd. manteltjie ontvang van
vader en moeder.

I Waarvoor hd. Manteltjie Bedoel? Dis nie moeilik
~~om~~ te antwoord nie – daar vir meer as een doel:
① As beskerming teen ~~die~~ slegte ~~kou~~ weer: In koue dae en nagte
dien dit as jas wat d. jong liggaam verwarm
en beskerm en in warm dae as beskutting teen d.
skroeiende strale van die son. Hoe goed het d. moeder
geweet dat vir haar opgroeiende kind hd. mantel-
tjie onmisbaar sou wees – in winter ~~en~~ sowel as somer?
② As ~~versiering~~ uitkenningsteken vir besondere dae: om huis: Nie alleen moes d.
manteltjie diens doen vir d. ~~alles~~ gewone dagtaak
van haar kind nie – dit sou seker ook gebruik
word vir besondere geleenthede – uitstaande fees-
dae, waarin elkeen wat die jong seun ontmoet
dadelik sou sê: Maar dis mos die seun v. Hannah
en Elkanah! – uitgeken aan sy manteltjie!

③ As bewys van 'n moeder se liefde: ~~...~~ Maar hd.
manteltjie bring nog 'n dieper boodskap. Dit vertel
van die klop van 'n moeder se hart, van die liefde
van 'n moeder se siel; dit 'n woordelose maar sprekende
getuie van 'n moeder se bedagsame sorg vir haar kind.
Gedurig laat hd. mantel die seun se gedagtes gaan
na moeder se wense, ideale, gebede vir haar kind.
Gedurig herinner dit Samuel aan sy moeder se
verwagting vir haar kind

→ Verstaan u dat elkeen van ons as ouers en
opvoeders besig is om sulke manteltjies vir ons
kinders te maak? Mantels, jassies wat ons
kinders moet beskerm teen 'n wêreld en sy
kwade hitte en koue – manteltjies wat sal aandui
in watter huis ons kinders grootword & wie hulle
ouers is – manteltjies wat ons kinders bly herinner aan 'n moeder se liefde en 'n vader se sorg?

II Watter Manteltjies is dié wat ons bring?
Daar is so baie van hulle dat ek net 'n paar van
hulle wil noem in die vertroue dat die Gees v God
self die lysie verder sal aanvul:

① Gebed aan moedersknie: Waar in die wêreld is
daar 'n manteltjie wat in waarde, in kosbaarheid kan
kom by die eerste gebedjies wat 'n kindjie leer
aan moedersknie? Waar is daar 'n beter, 'n won-
derliker plek" as hier "waar moeder aan haar kindjie die
eerste gesig kan gee van Jesus, die troueste vriend
van kinders? Van God die Vader, die troueste
versorger van mens en dier? Hier – en nêrens anders –
is dit waar elke kindjie moet leer om sy knietjies
te buig, en ootmoedig te vra: „Liewe Jesus, maak
my hartjie rein!"

→

② Kweking van 'n Christelike Karakter: Van kleins
af, nog in die suigelingjare, begin reeds die moeisame
maar heerlike taak van elke moeder om haar
kindjie se karakter te bou. Hoe belangrike

3.

is nie in hd. tyd die aankweek van goeie ge-
woontes wat later onbewus die kind se hele ka-
rakter vorm en help opbou: gereelde Bybellees, stil-
tyd en gebed; getroue S.S.- en kerkbesoek; een
of ander prakt. xt. werk vir die saak v.d. Here. // Dis
sy as moeder wat haar kind die deugde van arbeid-
saamheid, gehoorsaamheid, reinheid, nederigheid moet
leer. Dis sy as moeder wat haar kindjie se lewe moet
rig en bou – en in hd. grootse taak moet d. aktiewe
en kragtige steun van die vader altyd daar wees
(Vgl. Hannah en Elkanah: „sy met haar man opgaan" &
Spr. 1:8 – My seun, luister na die tug van jou vader, en
verwerp die onderwysing van jou moeder nie")

→

③ Aanbieding van opbouende leesstof: Ons almal bekend
m.d. mag v.d. geskrewe woord (hd. week nog 'n jong man
van 22 jr veroordeel weens diefstal uitgegee deur strokies-
prente & roofverhale). Ons dink veral hier aan d. groot
behoefte aan goeie ~~...~~ kinderleesstof met goeie stig-
ting. Talle ouers verlang maar kan nie alles koop:
beroep op moeders om 'n Sondagbiblioteek vir ons jeug
(om veral d. Sondae te vul). Maar ook: Môrelig –
Saadkorrels – Naweekpos – Ons Jeug!

④ Leiding in keuse regte vriende:

III Waar die verwisseling jaar na jaar? „'n Manteltjie wat sy van jaar tot jaar vir hom gebring het"
Watter gelukkige en vreugdevolle vooruitsig
Mees dit nie vir Samuel gebied het om te weet: een van die dae is vader en moeder weer hier — dan kry ek weer 'n mooi nuwe manteltjie!

① As bewys: d. fontein v.d. liefde droog nooit op:
In dd. gereelde en getroue skenking het Hannah aan haar kind kom sê: jou liefde kan wissel, verflou — ja, selfs verdwyn — myne nie! Jou behoefte kan verander — myne nooit!

② As versekering: ek groei saam met my kind:
Hannah: namate Sam. groei en groter word groei sy saam — hou sy tred, leef sy haar in en pas haar aan by d. ontwikkeling van haar kind. „Ek probeer jou groeiende behoeftes verstaan en bevredig — en waar ek nie kan verstaan nie, neem dan d. wil vir d. daad!"
→ Ons kinders en hulle groeiende behoeftes: tydelik maar veral geestelik! Nuwe mantels nodig.

③ As uitnodiging: bewaar d. gees van vertroue:
Die manteltjie van Hannah wat sy jaar na jaar aan haar kind besorg het het hom herinner van sy moeder (se ~~vertroue in~~ handing tot hom) — die verhouding v. vertroue wat moet heers tussen ouer v. kind. Grondslag v. alle opvoeding
→ Hd. vertroue kan 'n ouer nie koop, opeis, afdwing — verkry alleen deur opregte liefde, offervaardigheid, opregtheid
— Verbeur deur: a) Skyn v. godsd. wat daar nie is:
— Kinders S.S. toe stuur m. self nooit kerk besoek; vroom praat voor pred. v. ouderl. (Pa se bottel word as gewoonlik hare vervang)
b) Onverstandige tug:

c) Oorval programme van werk, plesier of sektke pligte